


'n Kas wat almal pas



As jy nie genoeg pakplek het nie,
kan dié rakke jou probleem oplos. Dis so maklik
soos een, twee, drie



1. Gebruik bestaande rakke, of maak rakke.
2. Kies materiaal vir die kas (katoen, ongebleikte linne of enige ander materiaal van jou keuse).
3. Meet die lengte, breedte en diepte van die kas.
4. Knip twee sypaneel, twee voorpaneel en 'n bopaneel uit. (Sluit 1,5 cm-naattoelating in.)
5. Knip vier bande van 10 cm breed uit. Die lengte van die bande moet dieselfde lengte as die sypaneel wees.
6. Stik bopaneel se smal kante aan sypaneel se smal kante vas.
7. Stik twee lang kante van voorpaneel elk aan 'n sypaneel se langkant vas en werk smal bokant van voorpaneel aan die bopaneel vas. Werk die rafelrande met 'n omkapmasjien of sigsagsteek af.
8. Soom die voorpaneel se onderste en kant-some sowel as die sypaneel se onderste en agtersome om.
9. Stik die bande (regterkante op mekaar) vas, maar hou een smal soom oop. Dop uit en pars plat. Rol die some in en werk netjies met die hand toe, of stik naby aan die rand vas.
10. Werk die bande aan die los voorpaneelnaat en sypaneelnaat vas.
11. Werk 'n rekband tussen die twee sypaneel vas om die materiaal agter die kas in posisie te hou.
12. Trek die kas oor met die materiaal.
13. Bind een van die panele weg sodat jou gunstelingbreekgoed vertoon kan word.

foto's Nato Barnard; saamgestel deur Mullerie Taljaard en Mikkie Truscott